# KONSTITUSIE VAN DIE OOS-VRYSTAAT RESIESDUIFFEDERASIE 2023

Nademaal dit wenslik blyk om die konstitusie van die Oos Vrystaat Resiesduiffederasie te herroep en die volgende konstitusie aan te neem, word daar dus soos volg ooreengekom:

1. ALGEMEEN 1
2. DOELSTELLINGS 1
3. WYSIGING VAN KONSTITUSIE 2
4. BESTUURSKOMITEE 2
5. JURISDIKSIE VAN DIE KONSTITUSIE 2
6. BESTUUR VAN DIE OVRF 2
7. LEWENSLANGE ERELEDE 4
8. LIDMAATSKAP 4
9. VLIEG VAN HALF-SPAN 5
10. LEDEGELD 5
11. FINANSIËLE REKORDS 5
12. METAALRINGE 5
13. KLUBVEREISTES 5
14. VERTOLKING VAN KONSTITUSIE EN VERORDENINGE 6
15. ALGEMENE JAARVERGADERINGS EN SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS 6
16. ONTBINDING 7
17. KLOK- EN WEDVLUGREËLS 7
18. WEDVLUGPROGRAM 10
19. PUNTETOEKENNING 11
20. WELKE DUIWE MAG DEELNEEM 12
21. KEURVLUG 13
22. ONTBINDING VAN 'N VENNOOTSKAP 13
23. DEELNEMING AAN ENKEL WEDVLUGTE 13
24. INKORWING 14
25. SEËL VAN MANDJIES 14
26. DONKERURE 14
27. BEPALING VAN AFSTANDE (sien D 8) 15
28. VERVOER, BEGELEIDING EN LOSLATING VAN DUIWE 15
29. REËLS WAT GELD VIR DIE VEILING EN VEILINGSVLUG 16
30. GEDRAGS-DISSIPLINÊRE KODE VIR FEDERASIE EN KLUBS 17
31. SANPO REGULASIES VIR ELEKTRONIESE KLOK-STELSELS 17
32. VERBODE MIDDELS 17

## 1. ALGEMEEN

1.1. Die konstitusie van die Oos Vrystaat Resiesduiffederasie word hiermee herroep en die volgende konstitusie in die plek daarvan gestel en dit word van krag met ingang van 5 Maart 2022.

1.2. Die naam van die federasie is die Oos Vrystaat Resiesduiffederasie (OVRF).
Die adres van die OVRF is die adres van die sekretaris.

1.3. Klubs in dorpe in die Oos-Vrystaat word ingesluit by die federasie en sluit onder andere die volgende dorpe in:

1 Tweespruit
2 Clocolan
3 Marquard
4 Senekal
5 Lindley
6 Winburg
7 Ficksburg
8 Ladybrand
9 Bethlehem

En omliggende dorpe.

1.4. Die adres van elke geaffilieerde klub is die adres van die klubsekretaris.

1.5. Die federasie se boekjaar strek vanaf die eerste dag in Januarie van enige gegewe jaar tot die einde van Desember van enige gegewe jaar.

1.6. Alleenlik bestaande lede wie se ledegeld tot aan die einde van die finansiële boekjaar betaal is en nuwe lede wie se ledegeld tot datum van die Algemene jaarvergadering betaal is, sal stemreg hê op enige vergadering van die federasie.

1.6.1. Lede wie se aansoeke op die jaarlikse Algemene vergadering goedgekeur word, mag na goedkeuring en betaling van ledegeld aan die besprekings en stemming deelneem.

1.6.2. Geen junior lede, d.w.s. ‘n persoon wat ‘n skolier of student is, wat finansieël afhanklik van sy ouers en as junior lid geregistreer is, sal stemreg hê nie.

1.6.3. Die OVRF aanvaar die grondwet van SANPO as geheel en enige artikel teenstrydig daarmee is dus nie wettig nie. (Sien veral die klok- en vliegreëls)

## 2. DOELSTELLINGS

Die Federasie se doelstellings is die volgende:

2.1. Om die belange van alle duiwewedvlugte te bevorder, aan te moedig en in die algemeen te steun en te beskerm.

2.2. Om reëls neer te lê vir die beheer en reël van duiwewedvlugte in die distrikte **soos genoem in 1.3**, en om sodanige reëls aan te vul of dit te herroep of te wysig indien nodig, en om die nakoming daarvan by lede af te dwing.

2.3. Om wedvlugte, ringe, klokke, korwe, motorvervoer en ander benodigdhede wat van tyd tot tyd nodig mag word in belang van die federasie te koop, huur of op ander wyse te bekom en om dit te verhuur, verkoop of op ander wyse mee te handel.

2.4. Om die teel van wedvlugduiwe te bevorder en aan te moedig.

2.5. Om enige eiendom of bates van die federasie te verkoop, vervreem, handel mee te dryf of van die hand te sit ingeval daar ‘n ontbinding van die genoemde federasie mag ontstaan.
2.6. Om wetgewende maatreëls te bevorder of om die staat, provinsiale- of plaaslike bestuursliggame en owerhede te nader in verband met enige saak wat duifwedvlugte regstreeks of onregstreeks raak.
2.7. Om al sodanige handelinge uit te voer en dinge te doen wat as noodsaaklik beskou word in die belang van die federasie en wat nie met die bepalings van hierdie konstitusie bots nie.

**3. WYSIGING VAN KONSTITUSIE**

3.1. Die bepalings wat hierin vervat is kan gewysig word deur nie minder nie as 66% lede wat teenwoordig is by ‘n algemene jaarvergadering of spesiale algemene vergadering wat vir die doel belê is, met dien verstande dat die presiese terme van enige voorgestelde wysiging uiteengesit moet word in die kennisgewing waardeur die vergadering belê word.
3.2. Wysigings tot die grondwet ingevolge paragraaf 3.1 tree in werking na die goedkeuring daarvan op ‘n algemene jaarvergadering of spesiale algemene vergadering wat vir die doel belê is.

**4. BESTUURSKOMITEE**

Die federasie bestaan uit ‘n bestuurskomitee, wat saamgestel is uit bestuurslede van elke geaffilieërde klub, lewenslange lede en behoorlik toegelate of verkose lede op wyse waarvoor daar onder die hoof “8. Lidmaatskap” voorsiening gemaak word.

**5. JURISDIKSIE VAN DIE KONSTITUSIE**

Al die bepalings van die konstitusie is van toepassing op die geaffilieërde klubs en lede van die klubs wie ook lede van die federasie moet wees.

**6. BESTUUR VAN DIE OVRF**

6.1. Die algemene jaarvergadering kies die volgende lede:
Voorsitter
Ondervoorsitter
Sekretaris
Randmeester
Wedvlugsekretaris
Vervoerbeampte
6.2. Die bestuur het die bevoegdheid om:
6.2.1. Vir ‘n tydperk, of vir die oorblywende gedeelte van ‘n jaar, mededingende lede van die federasie te koöpteer in tydelike vakatures wat in die komitee ontstaan as gevolg van die afwesigheid, siekte, bedanking, of andersins van die Ondervoorsitter, Sekretaris, Randmeester, Wedvlugsekretaris en Vervoerbeampte.
6.2.2. Die prosedure vir vergaderings van die komitee voor te skryf.
6.2.3. Ten minste een-en-vyftig persent van die lede ‘n kworum maak.

6.2.4. ‘n Kworum teenwoordig moet wees om besluite te neem.

6.2.5. Van tyd tot tyd enige toetreegeld in te samel, te wysig of terug te betaal.

6.2.6. Enige persoon as werknemer of beampte van die federasie te huur, om sodanige persoon se vergoeding te bepaal en om sy dienste na goeddunke op te skort of om hom af te dank.

6.2.7. Om al die fondse van die federasie te belê in spaarrekeninge of op vaste belegging by Handelsbanke of Bougenootskappe en alle uitbetalings te maak van administrasiekoste, wedvluggelde, prysgelde, herstewerk en aankoop van bates tot R2,000 per item.

6.2.8. By wyse van resolusie die Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris en Randmeester te magtig om namens die federasie alle volmagte, kontrakte en ander aktes of dokumente wat onderteken moet word, te onderteken, en om wisselbriewe, promesses, tjeks en ander verhandelbare dokumente in verband met die federasie se sake te trek, te aanvaar, te endosseer, uit te maak en te verlei.

6.2.9. Te versoek dat spesiale algemene vergaderings belê word.

6.2.10. Te vergader op sodanige plekke en tye as wat hy goeddink.

6.2.11. Teen enige lid of bestuurskomiteelid op te tree wat hom skuldig maak aan inmenging met enige wedvlug of vervoerreëlings deur direk vanaf Klubvlak met die Federasie bestuur of buite organisasie te skakel of opdragte te gee aan die vervoerbeampte of vragmotorbestuurder.

6.2.12. Die lyn van onderhandeling is vanaf die klublid na sy klubbestuur en vanaf klubbestuur na federasiebestuur na buite organisasies.

6.2.13. Die minimum straf wat opgelê sal word by skuldigbevinding is skorsing van twee wedvlugte en by eerste herhaling van die optrede skorsing van wedvlugte vir die res van die betrokke wedvlugseisoen.

6.2.14. Daar moet ‘n dissiplinêre onderkomitee wees wat:

6.2.14.1. Bestaan uit die Voorsitter en twee lede van die bestuur wat tesame ‘n kworum uitmaak, met dien verstande dat die bestuur by onttrekking of nie-beskikbaarheid van enigeen van bogemelde persone die mag het om enige vakature vanuit die geledere van die bestuur aan te vul.

6.2.14.2. Die mag het om klagtes teen ‘n geaffilieërde klub of enig lid te lê, ondersoek in te stel daarna en daaroor te besluit en om enige sodanige klub of enige lid te berispe, te beboet, te skors, en uit te sit indien hy behoorlik daaraan skuldig bevind word dat hy:

a. Willens en wetens die bepalings van hierdie konstitusie of die verordeninge wat daarkragtens gemaak is, verbreek het;

b. Opgetree het op ‘n wyse wat nadelig is vir die belange of reputasie van die klub of federasie;

c. Opgetree het op ‘n wyse wat ombetaamlik is vir ‘n klub of individuele lid, insluitende drankmisbruik en diefstal.

6.2.15. ‘n Appel teen enige beslissing of opdrag van die dissiplinêre onderkomitee word deur die bestuurskomitee ontvang, op voorwaarde dat:

6.2.15.1. Dat daar binne een maand vanaf die besluit of opdrag van die dissiplinêre onderkomitee waarteen geappeleer word, skriftelik aan die federasie sekretaris kennis gegee word van sodanige appel;

6.2.15.2. Die bestuurskomitee die mag het om sodanige besluit of opdrag te bekragtig, te wysig of op enige wyse hoegenaamd ter syde te stel.

6.2.16. Sou dit gebeur dat ‘n klub nie verteenwoordiging op die bestuur het nie, mag die voorsitter of sekretaris dit bywoon.

**7. LEWENSLANGE ERELEDE**

Enige lid wat die federasie 15 jaar lank getrou gedien het, of enige lid wat lang en verdienstelike diens aan die wedvlugsport gelewer het, kan op aanbeveling van die bestuurskomitee en nadat daardie komitee behoorlik kennis gegee het daarvan by ‘n algemene jaarvergadering tot lewenslange erelid van die federasie verkies word.

Voordele vir erelede sal jaarliks tydens die Algemene Jaarvergadering bepaal of gewysig word met die vereiste meerderheid van stemme.

**8. LIDMAATSKAP**

8.1. Behoudens die bepalings van Artikel 7, moet enige persoon wat lid van die federasie of ‘n geaffilieërde klub wil word, op die voorgeskrewe wyse by sy klub aansoek indien, behoorlik ondersteun deur ‘n voorsteller en sekondant wat lede van die klub is, tesame met ‘n klaringsertifikaat van sy vorige klub, indien van toepassing, en die vasgestelde ledegeld betaal.

8.2. By ontvangs van sodanige aansoek moet die betrokke klub binne ses dae na aanvaarding, of andersins, van sodanige aansoek dit aan die sekretaris van die federasie stuur met ‘n aanbeveling dat die aansoek aanvaar of verwerp word. Die klaringsbewys, indien van toepassing, van sy vorige klub wat aanduidwat hy daardie klub met ‘n goeie naam verlaat het, moet die aansoek vergesel.

8.3. ‘n Aansoek om lidmaatskap moet deur die bestuurskomitee oorweeg en gekeur word.

8.4. Geen lid het enige reg of aanspraak op die eiendom of fondse van die federasie of klub nie behalwe by ontbinding daarvan.

8.5. Geen persoon kan ‘n lid van die federasie wees sonder lidmaatskap van ‘n geaffilieërde klub nie.

8.6. ‘n Lid wie se lidmaatskap gekanselleer is of wat uitgesit of geskors is of bedank het, bly aanspreeklik vir ledegeld wat nog betaalbaar is of wat nog nie betaal is nie. In die geval van geaffilieërde klubs, moet sodanige klub onmiddelik die sekretaris van die Federasie in kennis stel van ‘n aanbeveling om ‘n lid van ‘n geaffilieërde klub te skors.

8.7. Federasiegrense:

8.7.1. ‘n Klub bestaan uit lede wat binne sy distriksgrense woonagtig is en waar sy vlieghok staan.

8.7.2. Die plaas, Goosens/Driekoppen in die Senekal distrik, is die middelpunt van die Federasie. Alleen hokke binne die 120 km radius mag kwalifiseer om op Federasievlak deel te neem aan wedvlugte. Lede wat buite die radius val, mag slegs op klubvlak aan wedvlugte deelneem.

**9. VLIEG VAN HALF-SPAN**

Alle aansoeke vir die vlieg van 'n halwe span duiwe moet skriftelik vir beslissing aan die Algemene Jaarvergadering voorgelê word. Spesiale gevalle mag deur die Federasiebestuur oorweeg word. Junior lede mag half-span deelneem.

Junior lede is die verantwoordelikheid van hulle onderskeie klubs. Hulle mag met 'n volspan deelneem slegs indien hulle volle vlieggeld betaal en half-span vlieg as hulle 50% van vlieggelde betaal. (21 Feb 2018)

**10. LEDEGELD**

10.1. Elke lid moet jaarliks sodanige ledegeld betaal as waarop die jaarlikse algemene vergadering besluit voordat hy aan vlugte mag deelneem.

10.2. Lede- en vervoergeld is betaalbaar voor of op 31 Mei van die jaar waarin wedvlugte plaasvind.

10.3. Enige lid wat in gebreke bly om sy jaarlikse ledegelde op die betaaldatum te betaal word nie toegelaat nie en is nie geregtig daarop om metaalringe te kry nie, aan enige wedvlug deel te neem of by enige algemene vergadering te stem nie tot tyd en wyl sy agterstallige ledegeld ten volle aan die federasie en klub betaal is.

10.4. Waar 'n duiwehok deur 'n vennootskap besit of beheer word, word die vennootskap vir die doeleindes van die heffing van die jaarlikse ledegeld as een lid beskou en slegs die jaarlikse ledegeld vir een persoon is aan die federasie en klub betaalbaar.

10.5. Indien enige lid in gebreke bly om sy jaarlikse ledegeld te betaal binne veertien dae vanaf die datumm waarop sodanige bedrae betaalbaar word, hou sodanige lid op om lid van die betrokke federasie te wees tensy hy/sy versuim om tot bevrediging van die bestuurskomitee te verduidelik.

10.6. Enige lid wat voornemens is om uit die federasie of klub te bedank, moet die klub skriftelik van sodanige bedanking verwittig voor 31 Desember. Indien die lid in gebreke bly, is hy aanspreeklik vir die ledegeld van die daaropvolgende jaar. Gevalle moet redelik hanteer word, bv. verplasings.

**11. FINANSIËLE REKORDS**

Die federasie en geaffilieërde klubs moet behoorlik boekhou, of laat boekhou, van die federasie of klub se sake en die bestuurskomitee moet by elke algemene jaarvergadering insae tot die federasie en geaffilieërde klubs se state en boeke verkry. Die boeke en registers sal elke jaar deur twee lede benoem op die jaarlikse algemene vergadering, ge-oudit word.

**12. METAALRINGE**

12.1. Nuwe ID-ringe sal jaarliks op datum van ontvangs aan alle lede deur middel van hulle klubs beskikbaar gestel word.

12.2. Geen lid is daarop geregtig om aangekoopte ringe terug te stuur teen terugbetaling van die bedrag wat daarvoor betaal is nie.

**13. KLUBVEREISTES**

'n Duiweklub moet bestaan uit 'n minimum van drie onverwante lede. Elke lid moet 'n afsonderlike woonadres hê. 'n Nuutgestigte klub moet voor die eerskomende algemene jaarvergadering aansoek doen om affiliasie by die Federasie.

**14. VERTOLKING VAN KONSTITUSIE EN VERORDENINGE**

In die geval van twyfel met betrekking tot die betekenis of toepassing van enige een van die bepalings van die konstitusie of enige verordening wat daarkragtens is, is die vertolking van die bestuurskomitee finaal en onweerlegbaar.

**15. ALGEMENE JAARVERGADERINGS EN SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS**

15.1. ‘n Algemene jaarvergadering van lede moet so gou doenlik na afsluiting van die finansiële jaar gehou word maar in elke geval nie later as die einde van Maart van elke jaar nie.

15.2. ‘n Spesiale algemene vergadering van lede van die federasie of klub word gehou op ontvangs deur die sekretaris van ‘n skriftelike versoek onderteken deur ten minste drie lede, waarin die doel van die vergadering uiteengesit word.

15.3. Algemene vergaderings word belê deur die sekretaris wat skriftelik daarvan kennis moet gee aan alle lede. In die geval van algemene jaarvergaderings en spesiale algemene vergaderings moet kennis daarvan gegee word twee weke voor die datum van sodanige vergadering en die agenda moet in sodanige kennisgewing uiteengesit word.

15.4. Klub sekretarisse moet nie later as 31 Januarie alle voorgestelde konstitusie-wysigings skriftelik in besit stel van die Federasie sekretaris vir plasing op die agenda van die volgende algemene jaarvergadering.

15.5. Die helfte plus een (50% + 1) van lede maak ‘n kworum uit by ‘n algemene vergadering en besluite kan alleen geneem word deur twee-derdes (66%) van lede teenwoordig.

15.6. Indien daar binne dertig minute na die aanvangstyd van ‘n algemene jaarvergadering of spesiale algemene vergadering nie ‘n kworum is nie, word sodanige vergadering verdaag tot dieselfde tyd een week later en op dieselfde plek en dan maak diegene wat teenwoordig is ‘n kworum uit en hulle is geregtig on die sake van die vergadering af te handel.

15.7. ‘n Algemene Jaarvergadering het, onderworpe aan artikel 6, slegs die bevoegdheid om sodanige sake as wat in die agenda verskyn, asook die verkiesing van die bestuurskomitee af te handel, te bespreek of daar oor te besluit.

15.8. Die Voorsitter, Ondervoorsitter, of in hulle afwesigheid, mag enige lid deur die vergadering verkies word, as Voorsitter van die algemene vergadering optree.

15.9. Die Voorsitter skryf die prosedure voor wat by enige algemene vergadering gevolg word, behalwe dat:

15.9.1. Daar oor alle sake besluit word deur die opsteek van hande, of per stembrief indien sodanige mosie deur ‘n lid voorgestel en ook gesekondeer is.

15.9.2. Die Voorsitter ‘n beslissende stem het in geval van ‘n staking van stemme;

15.9.3. ‘n Algemene vergadering verdaag kan word tot sodanige tyd as wat die meerderheid van lede aandui, met dien verstande dat daar by sodanige verdaagde vergadering geen sake mag word wat by die oorspronklike vergadering behandel kon gewees het nie en behalwe dat daar nie kennis van sodanige vergadering gegee hoef te word nie.

15.10. Indien daar per abuis nagelaat word om kennis te gee van’n vergadering aan ‘n klublid of –lede wat daarop geregtig is om teenwoordig te wees, maak dit nie die verrigtinge ongeldig nie.

## 16. ONTBINDING

16.1. Die federasie of klub kan ontbind word of saamsmelt met 'n ander assosiasie met soortgelyke doelstellings, maar in elke geval slegs kragtens 'n besluit geneem deur die meerderheid van lede wat by 'n behoorlik gekonstitueerde spesiale algemene vergadering van lede teenwoordig is.

16.2. By ontbinding moet die bates van die federasie of klub geldig gemaak word deur die likwidateur wat deur 'n spesiale algemene vergadering, of die Hof (soos in die geval mag wees) aangestel is, en die opbrengs moet onder die lede verdeel word in die verhouding van jare van lidmmaatskap met 'n maksimum van tien (10) jaar per lid gereken vanaf 1975.

16.3. Indien enige klub of lid uit die federasie tree om welke rede ookal sal hy geen aanspraak hê op klub- of federasiebates nie.

## 17. KLOK- EN WEDVLUGREËLS

Bylae D en E van die SANPO grondwet wat handel oor klok-, wedvlugreëls en inkorwing sowel as die loslating van duiwe word as geheel aanvaar.

17.1. Die wedvlugsekretaris sal optree as die verteenwoordigende beampte in die klubhuis en sal alle reëlings tref in verband met die stel en seël van klokke, inmandjie van duiwe, seël van die mandjies en die prosedure met in- en uitlui van klokke. (sien D4 en D5)

17.2. Elke klub moet 'n klokkomitee, wat bestaan uit minstens drie lede, benoem indien ledegetalle dit regverdig, en die wedvlugsekretaris sal optree as Voorsitter van die komitee. Name, adresse en telefoonnommers moet voor die aanvang van wedvlugte aan die wedvlugsekretaris van die OVRF voorsien word. (Sien bylae E i.v.m. Klokreëls)

17.3. Elke lid is persoonlik verantwoordelik vir die instandhouding van sy klok. Klokke moet 14 dae voor wedvlugte aan die klokkomitee oorhandig word.
Sien bylaag E 3, 4, 5, 8 en 10.

17.4. Nadat klokke verseël is vir 'n wedvlug moet dit vir die duur van die wedvlug verseël bly. Slegs die klokkomitee mag hierdie seël breek en klok van 'n nuwe seël voorsien indien die klok tydens 'n wedvlug heringestel moet word. GEEN HERINSTELLING VAN 'N KLOK MAG GESKIED NA 11:00 VAN DIE DAG VAN DIE WEDVLUG NIE OF NA VIER URE NA LOSLATING VAN DUIWE NIE.

17.5. Seëltange moet voortdurend in veilige bewaring gehou word ten einde misbruik daarvan te voorkom.

17.6. Wanneer 'n klok gestel moet word moet die klokrol deur twee lede van die klokkomitee geteken word met vermelding van die lid se naam, die naam van die wedvlug, nommer van die klok en die datum wat die klok aan die gang gesit is.
Die lid is ook verplig om homself tevrede te stel dat sy klok behoorlik opgewen is, dat daar voldoende papier op die klokrol is, en dat sy klok korrek gestel en in alle opsigte in orde is. Geen lid mag 'n klok stel of medeonderteken wat deur hom gebruik word nie.

17.7. Klokke moet volgens die GPS-tyd in – en uit geslaan word.

Sien SANPO konstitusie verandering van November 2019.

5.1 The Race Secretary or designated official shall synchronize every Club Unit (CAN) with an official time signal when basketing may commence. This time signal may

must be the time signal of a GPS system. The same timesignal must be used by all affiliated members of any one organization.
The reason for this amendment is that this rule is outdated, there are no more Radio Pips, the 1026 telephone time is not accurate, and the only real accurate time signal is that of A GPS determined time signal..

17.8. Kontroleslag

17.8.1. Nadat die klokke soos in 17.7 beskryf is, ingeslaan is, moet ‘n kontroleslag binne vyf minute uitgevoer word. Die kontroleslag mag nie met meer as een sekonde van die tyd waarop instruksie vir die uitvoering van die kontroleslag gegee was, verskil nie. Die tyd vir die kontroleslag mag nie vooraf bepaal word nie, en moet van tyd tot tyd wissel. Dit moet bv. nie altyd op die minuut na een of twee minute gegee word nie.
As die verskil een sekonde oorskry moet die klok weer gestel en ingeslaan word op ‘n daaropvolgende tydsein ingevolge Art. 17.7.
Minstens vyf (5) mededingende lede moet teenwoordig wees as klokke in- of uitgeslaan word.

17.8.2. Na die kontroleslag moet die nommer van die gaatjie waarin die eerste rubberring gesit sal word in die kontroleboek aangeteken word. Indien die aangetekende gaatjie by oopmaak van die klok leeg is, of ‘n verkeerde ring daarin gesit is, moet die tyd wat op die klokrol met die betrokke gaatjie ooreenkom, gekanselleer word. Elke klokrol moet die voorgeskrewe twee slae soos in Art 17.8.1 aantoon.

17.9. Gedurende die tydperk wat n klok vir een of ander wedvlug verseël is, het enige lid van die bestuurskomitee die reg om so ‘n klok te eniger tyd te ondersoek, ‘n tydslag te maak en word ‘n defek gevind, moet dit sonder versuim aan die wedvlugsekretaris gerapporteer word wie sal optree op ‘n wyse wat goed geag word binne die bepalings van hierdie konstitusie.

17.10. Alvorens klokke oopgemaak word, moet dit weer uitgeslaan word op die tydsein soos in Art. 17.7 genoem is. Hierdie aksie ag slegs plaasvind in die teenwoordigheid van ten minste **drie** mededingende lede. ALLE KLOKKE MOET OOK DEUR DIE GENOMINEERDE VAN DIE KLOKKOMITEE, VOORDAT DIE SEËL VAN DIE KLOK GEBREEK WORD, GESLAAN WORD, EN DIE NOMMER VAN DIE OOP GAATJIE IN DIE KLOKBOEK AANGETEKEN WORD. Ter nakoming van die bepaling sal die “vol” op die Benzing en STB klokke beskou word as ‘n oop gaatjie en as sodanig aangeteken word. Alle klokke wat nie uitgeslaan word nie moet by die volgende mandjieaand geseël by die klokkomitee ingehandig word.

17.11. Ingeval ‘n klok meer as 2,5 sekondes per uur wen, word die betrokke lid gediskwalifiseer vir die betrokke wedvlug. Indien die klok meer as 2,5 sekondes per uur verloor moet tweemaal die betrokke tyd bygetel word wanneer die klokafwyking bereken word.

17.12. Die klokrol van enige horlosie sal nie aanvaar word nie indien:

17.12.1. Die horlosie gaan staan na die inkloktyd;

17.12.2. Die klok oopgemaak is voor uitslaantyd;

17.12.3. Daar oopmaakmerke of gaatjies (soos deur onderskeie horlosies aangebring) tussen inlui- en uitluityd gevind word;

17.12.4. Dit middeldeur geskeur is. Dit kan egter aanvaar word as vyf lede van die klokkomitee voor uitslaan die klok oopmaak en die rol kan herstel sodat die klok uitgeslaan kan word.

17.12.5. Daar twee horlosietye oormekaar geslaan is, sal beide tye nie aanvaar word nie. Sal aan Federasie bestuur voorgelê word vir beslissing.

17.12.6. Kloktye soos byvoorbeeld die Iscus en Jundus wat ontwerp is om met doppies te klok, sal slegs aanvaar word indien die rubberring in die doppie onderstebo in die drom gevind is.

17.13. Kloktye van horlosies sal ten alle tye tot die naaste teenvoordeel gelees word deur die horlosiekomitee.

17.14. Ingeval 'n lid se klok gedurende die wedvlug na die inklok van 'n duif, gaan slaan, kan die eienaar die onoopgemaakte klok aan 'n lid van die klokkomitee oorhandig, wie gemagtig sal wees om die horlosie oop te maak, die rubberringe te verwyder en in sy eie klok in te klok. Indien 'n lid van die klokkomitee diesefde mag oorkom, kan hy op dieselfde wyse opttree en in enige lid se horlosie klok asof daardie lid 'n lid van die klokkomitee is. In elk van hierdie gevalle sal die tyd wat hier geregistreer word in die alternatiewe horlosie as tyd van aankoms van die duif geld.

17.15. Waar n lid genoodsaak is om in 'n ander lid se horlosie te klok, moet die lid sy onoopgemaakte klok met die seël onbeskadig aan die medelid toon ten einde hom te oortuig dat hy genoodsaak is om in die medelid se horlosie te klok. Die Federasie bestuur moet voorsien word van redes vir sodanige handeling saam met die afsending van die klubuitslae aan die Federasie wedvlugsekretaris.

17.16. Klokke sal na inkloktyd, volgens die oordeel van 'n filiaat, op die naas moontlike tydsein uitgeklok word.

17.17. Minstens **drie (3)** mededingende lede moet teenwoordig wees wanneer enige klok in- of uitgeslaan word. 'n Lid is geregtig om teenwoordig te wees as sy klok oopgemaak word. Dit is egter die verantwoordelikheid van die lid om seker te maak dat hyself of sy genomineerde teenwoordig is. Indien 'n lid nie van hierdie voorreg gebruik maak nie, sal aanvaar word dat dit met sy goedkeuring geskied.

17.18. Klokslae moet altyd tot die naaste halwe sekonde nadeel van die lid en deur ten minste twee lede van die klokkomitee gelees word.

17.19. Rubberringe moet behoorlik in die gaatjie of doppie daarvoor bedoel, geplaas word. As die klokkomiteelid die ring verwyder moet hy homself tevrede stel dat die ring geheel en al binne-in die regte gaatjie of doppie pas.

17.20. Die reeks- en kontrolenommer op die rubberring moet met die van die papierstrokie en met die op die inskrywingsvorm aangeteken, vergelyk word. Die gaatjienommer van die drom waaruit die rubberring gehaal is moet met pen op die rubberring en papierstrokie aangeteken word. Indien die nommer wat op die inskrywingsvorm aangeteken is van die op die rubberring verskil, moet die nommer op die binnekant van die rubberring met die nommer op die binnekant van die papierstrokie vergelyk word. As hierdie nommers ooreenstem moet dit so aangeteken word.

17.21. Alle rubberringe met hulle ooreenstemmende papierstrokies, klokrolle en wedvluguitslae van die duiwe wat in die uitslae verskyn, moet per aangetekende pos, gepos word aan, of per hand afgelewer word by die wedvlugsekretaris, nie later nie as die voormiddag van die tweede werksdag wat volg op die dag waarna die wedvlug

gesluit is. Sou die bestuurskomitee dit verlang, moet sommige van of al die voormelde dokumente ter tafel gelê word. Hierdie dokumente moet in veilige bewaring deur die wedvlugsekretaris tot op die 31ste dag van Desember van elke seisoen gehou word, waarna dit vernietig mag word.

17.22. Mededingers mag twee of meer rubberringe in ‘n doppie of gaatjie plaas. In die eerste gaatjie mag egter net een rubberring geplaas word. Indien meer as een ring in die eerste gaatjie voorkom, mag net een ring aanvaar word soos deur die lid genomineer. By die oopmaak van die klok sal al die ringe wat deur die klappies van die klokdrom vasgeknyp word, gesleep word en/of uitgespring het, nie aanvaar word nie. In die geval waar die ring gesleep en in ‘n ander gaatjie van die drom val, sal daardie gaatjie se tyd geneem word as die kloktyd van die spesifieke duif.

17.23. Die aantal rubberringe en etikette benodig vir die inkorwing van ‘n lid se duiwe, moet voordat sy duiwe daarmee gering word, sodaning vir die betrokke duiwe afgesonder word dat die lid nie daartoe toegang het nie.

17.24. Indien aan wedvlugte deelgeneem word buite die OVRF verband dan sal die reëls wat van toepassing is op sodanige wedvlugte geld en moet dan toegepas word.

17.25. ‘n Lid word nie toegelaat om uit meer as een hok mee te ding nie, tensy sodanige hokke nie meer as 20 m van mekaar geleë is nie.

17.26. Indien daar enige afwyking van die loslaattyd op die wedvlugprogram plaasvind, sal die vervoerbeampte die Federasie-voorsitter onmiddelik kontak wat op sy beurt weer die onderskeie klub-voorsitters sal inlig.

**18. WEDVLUGPROGRAM**

18.1. Die wedvlugprogram word deur die bestuur van die OVRF opgestel en dit is geldig vir al die klubs van die OVRF.

18.2. Regulasies en reëls soos voorgeskryf deur SANPO sal van toepassing wees vir die wedvlugprogram.

18.3. Die wedvlugprogram sal oor minstens agtien weke strek. Die **langste vier (4) wedvlugte** op die program sal slegs ope-wedvlugte wees, agv. afstand. Ook moet die ses (6) wes vlugte SW rigting insluit.

18.4. Ten minste 6 wedvlugte moet in ‘n westelike/suid-westelike rigting gelos word.

18.4.1. <u>Westelik</u> – Wedvlugte NOORD van die denkbeeldige lyn getrek vanaf N1 Bloemfontein tot by Hopetown en langs die Oranje-rivier en op.

18.4.2. <u>Suidelik</u> – Wedvlugpunte weerskante van die N1 nasionale pad.

18.5. Koste van transport en toestand van paaie sal in ag geneem word in vasstelling van die wedvlugprogram om die sport so bekostigbaar moontlik te maak.

18.6. Die wedvlugprogram sal so opgestel word om die meerderheid deelnemers geleentheid te gee om vir SANPO se medaljes te kan kwalifiseer nl.:

- Ten minste 4 vlugte van 100 – 500 km kortpad
- Ten minste 4 vlugte van 450 – 650 km middelpad
- Ten minste 4 vlugte van 600 – 1000 km langpad

Indien moontlik moet die wedvlugprogram uit gelyke dele (6 vlugte) bestaan wat in die bogenoemde kategorieë val.

18.7. Die program sal bestaan uit 2 vlugte per naweek op voorwaarde dat daar meer as 100 duiwe per wedvlug gemandjie word. Sou daar minder as 100 duiwe per vlug gemandjie word, sal die twee vlugte saamgevoeg word.

18.8. Om duiweverliese te beperk sal daar gepoog word om oornagvlugte tot die minimum te beperk. Ter wille van koste sal die langpad vlugte se gemiddelde afstand nie 720 km oorskrei nie

18.9. Een maraton vlug van 800 km en meer kan by die program ingesluit word.

18.10. Die middelpunt van die Federasie **(15 km suid van Senekal)** sal as verwysingspunt vir die berekening van afstande vir die wedvlugprogram gebruik word.

18.11. Met die opstel van die wedvlugprogram, moet die volgende drie aspekte voorrang geniet:

- Die duiwe se belang
- Die sport familie-vriendelik te maak
- Die sport bekostigbaar te maak

**19. PUNTETOEKENNING**

19.1. Punte sal op klubvlak toegeken word vir die aantal plekke soos bepaal deur die klublede.

Punte op federasievlak sal op die volgende wyse bepaal word:

Die maksimum aantal duiwe wat per wedvlug gemandjie mag word, sal word voor die wedvlugseisoen ‘n aanvang neem, deur die bestuur bereken word volgens die aantal volspanne, halfspanne en die duifbeperking. Plekke sal in elke wedvlug toegeken word volgens 12% van die aantal duiwe wat gemandjie mag word, afgerond tot die naaste 10 plekke.

Die Federasie Hok kampioen sal bepaal word volgens die volpunt-stelsel waarvolgens elke duif se plek vol punte verdien.

Die Federasie kampioen word bepaal deur ‘n eenpunt-meerpunt stelsel waarvolgens die lid se eerste duif volpunte vir die plek verdien en all duiwe van die lid daarna slegs een punt verdien. ‘n Geaffilieërde klub moet die eerste 100 duiwe se besonderhede aan die federasie wedvlugsekretaris deurstuur. Die grootte van die klub is nie van belang nie.

Die Kortpad, Middelpad en Langpad kampioenskap word bereken volgens die volpuntstelsel waar elke duif volle punte verdien.

Die Jaaroud- en Ope kampioenskappe word bepaal volgens die duif se prestasie oor twee naweke soos besluit op die Algemene Jaarvergadering deur die lede en aangeteken op die wedvlugprogram.

19.2. Alle prysgelde sal aan die einde van elke jaar aan die wenners daarvan uitbetaal word.

19.3. Vrywillige prys- en potgelde word jaarliks oor besluit op die algemene jaarvergadering. Hierdie prysgeld sal soos volg verdeel word:

1ste 30%
2de 20%
3de 10%
40% pro-rata aan die klubs om te verdeel in die verhouding 6:4 aan die eerste en tweede duif in die klub wat ingeskryf of genomineer is.

19.4. Hierdie bepaling geld nie vir die veilingsvlug nie.

19.5. Pontoon en ander potgeld nie gewen aan die einde van die seisoen nie, gaan ter stywing van die klub of federasie fondse.

19.6. Enige besware teen foute in die uitslae, moet binne sewe dae na bekendmaking aan die wedvlugsekretaris gerapporteer word.

19.7. Aan elke lid wat volgens die amptelike uitslae, plekke onder die eerste drie verower het, sal afsonderlike sertifikate ter stawing uitgereik word.

19.8. Klubs wat nie die wedvluguitslae die Woensdag na elke wedvlug skriftelik of per faks aan die wedvlugsekretaris voorsien nie, sal vir die betrokke wedvlug gediskwalifiseer word.

19.9. Die uitslae van elke klub sal na ontvangs daarvan betyds deur die federasie wedvlugsekretaris verwerk word vir terugsending aan klubs op 'n weeklikse basis.

19.10. Dit sal die plig wees van die federasie wedvlugsekretaris om die uitslae gereeld deur te gee vir uitsending of publikasie deur die media.

19.11. Om de bepaling van die totale aantal duiwe per wedvlug te doen, vir diplomas, sal elke klub sy totale aantal duiwe per wedvlug bo-aan die wedvluguitslae aanbring.

## 20. WELKE DUIWE MAG DEELNEEM

BYLAAG D VAN SANPO WORD AS GEHEEL AANVAAR EN HANDEL OOR DIE VOLGENDE:

D1 WEDVLUGREËLS
D2 SPOEDBEREKENIING
D3 DUIWE WAT AAN WEDVLUGTE MAG DEELNEEM
D4 INKORWING
D5 VERSEËL VAN MANDJIES
D6 KONTROLERING VAN WEDNDUIF
D7 NAGURE
D8 HOKMATES (AFSTANDE)
D9 VERVOERREËLINGS
D10 ONTSNAPPING VAN WEDVLUGDUIWE
D11 LOSLATING VAN DUIWE
D12 ALGEMEEN
D13/14 VERSORGING VAN DUIWE
D15 LOSLATING
D16 BESERINGS

20.1. Slegs jaaroud duiwe met amptelke ringe van die vorige jaar, uitgereik deur Oos Vrystaat Resiesduif Federasie mag aan jaaroudvlugte deelneem. 'n Jongduif (baba) mag in die jaar van sy geboorte aan jaaroud en ope wedvlugte deelneem, maar nie aan spesiale vlugte nie. Dit sluit die Keurring, Veilingsvlug, R200-ringvlug en Jaaroud Kampioenskap in. (28 Februarie 2018)

20.2. Lede wat meer as een span duiwe vlieg, se duiwe moet afsonderlik geregistreer word om te verseker dat duiwe nie van een span na 'n ander span geruil word nie.

## 21. KEURVLUG

21.1. Die keurvlug sal plaasvind op 'n MIDDELPAD wedvlug, gemeet vanaf die middelpunt van die federasie. Die loslaatpunt sal elke jaar bepaal word tydens die AJV.

21.2. Slegs duiwe gering met die **aantal** OVRF uitgereikte keurringe of genommineerde OVRF-ringe ten opsigte van 'n bepaalde lid of vennootskap, mag aan die Keurvlug ten bate van daardie lid of vennootskap deelneem. **Die aantal ringe sal jaarliks deur die bestuur van die OVRF bepaal word na aanleiding van die aantal duiwe wat per span gevlieg word**.

21.3. Keurgeringe duiwe wat voorheen aan 'n ander lid behoort het en wat aangekoop was, of as 'n geskenk verkry is deur 'n lid, mag dus nie kwalifiseer om aan die keurvlug deel te neem nie.

21.4. Indien 'n vennoorskap gesluit word na die uitreiking van keurringe, moet elke lid van die vennootskap 'n gelyke aantal keurgeringde duiwe loot in die teenwoordigheid van die voorsitter om 'n totaal pro-rata tot die aantal keurduiwe nog in die besit van die vennote op te maak. Dit moet plaasvind voor 1 April van die jaar waarin die Keurvlug plaasvind.

21.5. 'n Lid wat met 'n halfspan deelneem mag net 10 keurrringe koop. Indien 'n lid reeds 20 keurringe gekoop het, kom slegs die eerste 10 ringe in aanmerking vir die keurvlug.

## 22. ONTBINDING VAN 'N VENNOOTSKAP

22.1. Indien 'n vennootskap ontbind moet vooraf deur die vennote besluit word watter vennoot onder die naam van die vennootskap mag voortgaan met die kompetisie. Die vennoot wat die vennoorskap verlaat, het geen verdere aanspraak om met die kompetisie voort te gaan nie of aan enige wedvlug deel te neem nie, tensy ten volle ledegelde en op 'n volle jaarbasis vir die oorblywende wedvlugte se vervoergeld betaal is.

## 23. DEELNEMING AAN ENKEL WEDVLUGTE

23.1. Deelneming aan 'n enkelwedvlug deur 'n nuwe lid of nie-deelnemende lid is verbode. Sodanige lede kan alleen begin deelneem as ledegeld en vervoergeld op 'n volle jaarbasis vir die oorblywende wedvlugte ten volle betaal word.

23.2. Slegs duiwe wat vir 'n bepaalde vlug ingeskryf is mag aan 'n bepaalde wedvlug deelneem. Die maksimum aantal duiwe wat per wedvlug deelneem sal jaarliks deur die Federasiebestuur bepaal word na oorweging van die beskikbare spasie in die vragmotor. Die maksimum aantal duiwe per lid wat per wedvlug mag deelneem sal egter nie 30 oorskry nie. Addisionele vervoergeld sal betaalbaar wees ten opsigte van lede wat meer duiwe as die beperking wil vlieg. Hierdie addisionele bedrag is betaalbaar tesame met die normale vervoergeld en pro-rata daarmee. Vervoergeld sal jaarliks bepaal word.

23.3. Duiwe van deelnemende lede mag wel vir oefenvlugte met die trok of oefenwa vervoer word **teen 'n koste per mandjie wat jaarliks bepaal sal word.** 'n Lid mag derhalwe voor die aanvang van die wedvlugseisoen mandjies bespreek na gelang van die aanvraag en beskikbaarheid van die mandjies.

Lede wat mandjies wil bespreek moet voor 30 April van elke jaar hul name by die federasie sekretaris opgee sodat reëlings getref kan word vir die aantal mandjies benodig. Hierdie gelde is ook betaalbaar tesame met die normale vervoergeld.

23.4. Geen lid mag duiwe op 'n ander lid se naam inskryf nie of 'n ander lid se kwota volmaak nie.

23.5. Indien lede ophou vlieg gedurende die seisoen, verval sy kwota en kan die kwota nie aan 'n ander lid van die Federasie oorgedra word nie.

## 24. INKORWING

24.1. Inkorwing en ring van wedvlugduiwe mag nie 'n aanvang neem alvorens daar nie, minstens **drie** mededingende lede teenwoordig is wat aan dieselfde wedvlug deelneem nie.

24.2. Alle duiwe wat in wedvlugte meeding moet voorsien word van 'n **rubberring of elektronies ring** wat deur die klub goedgekeur is.

24.3. Duiwe word volgens die Amerikaanse stelsel ingekorf. Lede word tydens inkorwing toegelaat om self hul duiwe onder toesig te hanteer en in die wedvlugmandjie te plaas. Die lid wat die ringmasjien hanteer moet die ringnommer lees. Nadat 'n duif van 'n wedvlugring voorsien is, maar net voordat dit in die wedvlugmandjie geplaas word, moet 'n genomineerde lid toesien dat elke duif 'n wedvlugring dra wat behoorlik om die duif se been geplaas is. Geen lid kan beswaar maak indien 'n lid 'n ander lid versoek om sy duiwe te hanteer nie, mits die korrekte metode van inmandjie soos hierbo beskryf, gevolg word.

24.4. Al die oorspronklike wedvluginskrywingsvorms moet, nadat ingekorf is, veilig toegesluit word en die sleutel aan die wedvlugsekretaris oorhandig word.

## 25. SEËL VAN MANDJIES

25.1. Nadat duiwe in die wedvlugmandjies ingekorf is, moet die Sekretaris en wedvlugsekretaris persoonlik toesien dat alle mandjies behoorlik geseël is. Die groot deur op twee plekke met genommerde seëls. Die ingangsopening moet met 'n genommerde seël verseël word.

25.2. Mandjienommers sal deur die wedvlugsekretaris toegeken word. Geen klub mag sy eie nommers op wedvlugmandjies aanbring nie.

## 26. DONKERURE

26.1. GEEN DUIWE TUIS OP DIE DAG VAN WEDVLUG:
Sien D 7.1

26.2. DUIWE TUIS OP DIE DAG VAN WEDVLUG:
Sien D 7.1

26.3. Indien donkerure vir die federasie ter sprake is moet die tye wat die donkertyd affekteer na die federasie wedvlugsekretaris deurgebel word nadat die klokke gelees is. Die donkertyd sal deur laasgenoemde bepaal en aan die betrokke klubs deurgegee word. Slegs uitslae met korrekte nagure soos deur die federasie wedvlugsekretaris voorsien, sal aanvaar word.

26.4. In die geval van dubbelwedvlugte beinvloed nagure die vlugte afsonderlik en moet die wedvlugsekretarisse uitslae afsonderlik uitwerk en instuur.

**27. BEPALING VAN AFSTANDE (sien D 8)**

27.1. Aansoeke van nuwe lede moet met die Algemene Jaarvergadering of Spesiale Jaarvergadering ingedien word deur die klubs. Elke klub moet 'n bestuurslid stuur om saam met die nuwe lid 'n GPS-posisie (location) van die lid se hok na die sekretaris of wedvlugsekretaris van die federasie te stuur met 'n slimfoon. Die sekretaris of wedvlugsekretaris moet dan die posisie oopmaak op Google Maps en die koordinate bevestig op Google Earth. 'n Skerm skoot (screen shot) van die hok se posisie moet dan terug gestuur word aan die nuwe lid om te bevestig dat dit wel op die korrekte posisie is.

27.2. Wanneer 'n lid se hok verder as twintig meter verskuif word, moet hy opnuut aansoek doen vir afstande.

27.3. Aanvaarde afstande: slegs afstande wat deur die sekretaris of wedvlugsekretaris van die federasie met Google Earth bevestig is, sal aanvaar word.

**28. VERVOER, BEGELEIDING EN LOSLATING VAN DUIWE**

In geval daar van padvervoer gebruik gemaak word, sal die volgende reëls geld:

28.1. Die presiese tyd van loslating moet deur die begeleier aangeteken word op die voorgeskrewe vorm wat deur die Federasieuitgereik is.

28.2. Die federasie wedvlugsekretaris moet met alle wedvlugte van loslaattye verwittig word, wat dan op sy beurt die klub wedvlugsekretarisse moet verwittig.

28.3. Die trokbeampte mag op eie inisiatief opdrag gee aan die trokbestuurder om die duiwe los te laat. Hierdie bevoegdheid mag slegs uitgeoefen word indien weersomstandighede dit vereis en die federasie wedvlugsekretaris is nie beskikbaar om 'n beslissing te maak nie.

28.4. Sien D6: In alle wedvlugte moet die wenduif van elke klub so gou as moontlik deur twee genomineerse lede gekontroleer word. Die ringbesonderhede en die kleur van die duif moet aan hulle getoon word waarna hulle aan die klub terug rapporteer. Die wenduif moet ook nie minder as 20 meter vanaf die betrokke hok losgelaat word nie, om vas te stel of die duif na die hok terugkeer. Die name van die twee genomineerdes moet op die inskrywingsvorm van die wenduifeienaar aangeteken word.

28.5. **DONKERURE:** Sien D7 en punt 26.

28.6. **ONTSNAPPING VAN WEDVLUGDUIWE:** Sien D10

28.7. **LOSLATING VAN DUIWE:** Sien D11

28.8. Lede mag net na een hok meeding tensy die hokke minder as twintig meter uitmekaar is.

28.9. Die beperking op die aantal duiwe wat lede mag inskryf sal deur die Federasie Algemene Vergadering bepaal word.

28.10. Apelle teen wedvluguitslae moet binne sewe (7) dae by die klubsekretaris ingedien word.

28.11. Dit is verpligtend vir elke geaffilieërde organisasie om volgens hierdie reëls deel te neem. Besluite op SANPO se jaarvergadering sal op alle geaffilieërde organisasies van toepassing wees.

28.12. **VERSORGING VAN WEDVLUGDUIWE:** Sien D14
28.13. **LOSLATING VAN WEDVLUGDUIWE:** Sien D15
28.14. **BESERINGS:** Sien D16

## 29. REËLS WAT GELD VIR DIE VEILING EN VEILINGSVLUG

29.1. **Wysiging met Algemene Vergadering 28 Februarie 2009**

29.1.1. Daar word van elke lid verwag om deel te neem aan die veiling. Elke lid moet TWEE duiwe skenk vir die veiling. Lede wie nie die veiling ondersteun nie, d.w.s. geen duiwe skenk of koop nie, sal gepenaliseer word met twee maal die gemiddelde prys van die veiling. Hierdie bedrag sal op sy rekening gehef word en sal aan die federasie betaalbaar wees.
'n Lid wat slegs duiwe skenk en geen duiwe op die veiling koop nie, sal gepenaliseer word met een maal die gemiddelde prys van die veiling. Hierdie bedrag sal op sy rekening gehef word en sal aan die federasie betaalbaar wees.
Indien 'n lid, om welke rede ookal, nie duiwe vir die veiling kan skenk nie, mag so 'n lid met 'n ander lid reël om namens hom/haar duiwe te skenk. (2022)

29.1.2. Kopers, verkopers en telers buite die OVRF mag deelneem aan die veiling, maar duiwe moet vanaf 'n geaffilieërde lid van die OVRF se hokke vlieg.

29.1.3. Die koper van 'n duif is die eienaar van die duif en mag self besluit wie in die OVRF sy duif kan vlieg. Besonderhede van wie die duif gaan vlieg moet op die dag van die veiling aan die tesourier van die OVRF bevestig en deurgegee word.

29.1.4. Die vlieër van die duif het geen verantwoordelikheid t.o.v. duiwe wat wegraak of vrek voor en tydens die veilingswedvlug nie.

29.1.5. Elke vlieër moet poog om ten minste een buite koper saam te bring. (Hoe meer kopers hoe meer die inkomste.)

29.1.6. Die veilingswedvlug en R200-ringwedvlug sal plaasvind vanaf die wedvlugpunte op die middelpad soos bepaal word deur die wedvlugprogram en goedgekeur deur die lede.

29.1.7. Die veilingsvlug en die R200-ringvlug sal as 'n ekstra derde wedvlug plaasvind apart van die jaaroud vlug. Die veilingsvlug en R200-ringvlug sal nie punte tel nie. Daar word nie 'n beperking geplaas op die aantal duiwe wat deur 'n lid ingeskryf kan word nie.
Slegs duiwe wat op die jaarlikse federasie veiling gekoop is mag aan die veilingsvlug deelneem.
Slegs duiwe wat met 'n betaalde, amptelike R200-ring gering is mag aan die R200-ringvlug deelneem.

29.2. **PRYSGELDE EN VERSPREIDING VAN VEILINGSGELD**

Opbrengs van die veiling sal soos volg aangewend word:
Minstens 25% gaan aan die Federasie wat op sy beurt alle kostes rondom die veiling moet dra, soos bankkostes en vervoer. Die persentasie word op die dag van die veiling – voordat die veiling begin – deur die lede teenwoordig bevestig.

Maksimum 75%, of soos deur die lede bevestig voor die veiling, van die opbrengs sal vir prysgeld opsy gesit word wat verdeel sal word:

50 % vir die koper
25 % vir die verkoper
25 % vir die vlieër

Die eerste 10 plekke sal uitbetaal word.
50% van die prysgeld word in ses gelyke dele verdeel waarvan die 1ste plek drie dele kry, 2de plek twee dele, 3de plek een deel.
Die oorblywende 50% van die prysgeld sal dan gelykop verdeel word tussen die volgende sewe plekke, so het elke lid in die Federasie, maak nie saak waar sy hokke staan nie, 'n gelyke kans om in die prysgeld te deel.

**30. GEDRAGS-DISSIPLINÊRE KODE VIR FEDERASIE EN KLUBS**

Sien Bylae C van SANPO konstitusie

**31. SANPO REGULASIES VIR ELEKTRONIESE KLOK-STELSELS**

Sien Bylae A van SANPO konstitusie

**32. VERBODE MIDDELS**

Sien Bylae B van SANPO konstitusie

32.1. Dit is verpligtend dat alle duiwe aan die begin van elke jaar, beginnende die jaar 2000, teen die Paramyxo virus **en New Castle-siekte virus** ingeënt word soos voorgeskryf deur SANPO. Hierdie besluit is bekragtig op die Algemene Jaarvergadering van die OVRF. Lede wie hierdie reël verontagsaam, sal na skuldigbevinding vir een jaar geskors word.

32.2. Dit is verpligtend dat duiwe voor die aanvang van wedvlugte teen pokke ingeënt word.

Hierdie konstitusie, soos gewysig, tree in werking op hede, die 5de dag van Maart 2022 en sal van krag bly totdat dit per algemene of spesiale vergadering gewysig word.